# Twaalfde Volkskonsilie[1] van die Geloftevolk in Suid-Afrika

18 – 20 April 2025nM naby Vryburg

[**Jak.4:15b As JHWH [2] [die HERE] wil en ons lewe, dan sal ons dit of dat doen.**

## Tema:

**Jes.43:20b –** Ek gee waters in die woestyn, riviere in die wildernis om My volk, My uitverkorene, te laat drink.

Hierdie byeenkoms is ‘n MOET in terme van:

**Deut.16:16** Drie maal in die jaar moet al jou manne **voor die Aangesig van JaHWeH jou EL** *[die HERE jou God]* verskyn **op die plek wat Hy sal uitkies**; op die **Fees van die Ongesuurde Brode** en op die Fees van die Weke en op die Huttefees; en hulle mag nie met leë hande voor die Aangesig van JaHWeH verskyn nie;

Geagte Volksgenoot vir wie die Bybelse leer nog van belang is.

Daar is baie verwikkelinge op plaaslike- en internasionale front wat kommer wek.

Op plaaslike front is die **Onteieningswet** ‘n groot bekommernis vir eienaars van roerende en onroerende eiendom en die **Belawet** wek kommer by besorgde ouers. Daar is egter ‘n uitkoms.

Op internasionale front word ons soewereiniteit en Skrifgebonde voortbestaan in gedrang gebring deur die Wêreld Gesondheids Organisasie [WGO] se strewe om d.m.v. pandemie regulasies beheer oor al die lidlande se soewereiniteit te verkry [3] .

Hierdie strewe van die WGO sluit aan by die 2015 VVO “Sustainable Development Goals” [Global Goals] en Agenda 2030, asook die VVO se Sept.2024 vergadering waartydens die “The Pact of the Future” beslag gekry het en die RSA regering se goedkeuring wegdra. Dit is in effek die totstandkoming van die Nuwe Wêreld Orde [NWO] en kom neer op die vervulling van Openbaring 13. Die huidige president van die RSA het in 2018 gesê dat hy m.b.v. internasionale organisasies die NWO gaan afdwing [“forge a New World Order”- video opname in voetnota [4] ].

Dit sluit aan by die implimentering van die 4de Industrieële Revolusie waar die mens se Godgegewe liggaam [DNA] geneties gemanipuleer word en as ‘n *nuwe*

---

[1] Volkskonsilie is ‘n Skrifgebonde volksvergadering ten einde die volk se lewe en strewe Skriftuurlik te begrond.

[2] Die Naam van Hom Wie Homself aan Moses met die Gedenknaam JHWH bekend gestel het en deur die Bybelvertalers met *die HERE* vervang is. Algemeen uitgespreek as Jahweh – Sien ‘n verklarende Bybel- Ex.3:15. Volgens Jes.52:5-6 kom die gebruik van ander name in die plek van Sy Gedenknaam neer op laster. Dit sal in dié dag beëindig word aangesien Hy Sy Naam aan Sy volk bekend sal maak- lees ook Jer.23:26-27 en Hos.2:15-16. Let ook op dat Jesus ‘n vertaling is van Jahshua [JHHWSA] wat ons Verlosser se Hebreeuse Naam is.

[3] https://mg.co.za/thought-leader/opinion/2024-04-17-world-health-organisation-pandemic-amendments-threaten-national-sovereignty/
en https://thepeoplesvoice.tv/194-who-countries-agree-to-arrest-citizens-who-oppose-bird-flu-vaccine-media-blackout/amp/

[4] https://www.youtube.com/watch?v=9llQFz4-MdI&list=PLTxJ9voTNehrTpCgdbngq6NpEQ8Uk7-xH&index=2&pp=iAQB

*wese [video - [5] en dokument- [6]]*, geïntegreer word met digitale tegnologie en uiteindelik onderwerp word aan 'n Tegnoteokrasie. So 'n persoon kan nie meer as 'n mens [human] beskou word nie en staan as "Transhuman" bekend en is nie meer 'n skepsel van God Almagtig nie *[sien video voetnota - [7]].*

Die 4de Industrieële Revolusie is heel waarskynlik die implimentering van die merk van die dier sisteem soos in Openbaring 13 opgeteken is en waarvan ons nie deel mag word en wees nie en aansluit by die besluite van die Volksvergadering te Vegkop- 2009 [sien eindnota op bl.13]. Dit sluit aan by die voete van yster en klei van die droombeeld van Nebukadnesar – Daniël 2:31-49.

Terug op plaaslike front is die **Belawet** 'n groot bekommernis vir baie ouers en grootouers. Ons word nie toegelaat om ons kinders volgens ons tradisie en Bybelse geloof op te voed nie en word ons sodoende kinderloos gemaak. Ons moet soos in die dae van Jeremia onsself die vraag afvra waarom dit die afgelope 30 jaar toenemend slegter met ons as blankes gaan? ***Jer.5:19*** *En as julle sê:* ***Waarvoor het die HERE onse God [JaHWeH ons Elohijm] ons al hierdie dinge aangedoen?*** *antwoord hulle dan:* ***Soos julle My verlaat het en vreemde gode in julle land gedien het,*** *so sal julle vreemdes dien in 'n land wat julle s'n nie is nie*.

Dit gaan oor die dien van vreemde gode. Maar dien ons werklik vreemde gode? Met die aanloop tot die 1996 RSA het die parlement van die RSA multikultureel en multigodsdienstig geword, wat in terme van Jer.5:15-19 [8] die rede is vir die agteruitgang van ons as Bybelgelowige volk se bestaanswyse. Die Protestantse RSA van 1961 is in aanloop tot die 1996 RSA m.b.v. kerklike en politieke invloed gedemokratiseer [sien eindnotas i.v.m. Cottesloe [i] ] en van God Almagtig vervreem.

Die 1961 Grondwet se aanhef was as volg: *"Die volk van die Republiek van Suid-Afrika erken die oppergesag en leiding van die Almagtige God."* Hierdie Grondwet en aanhef is verwyder en vervang met die 1996 RSA, waarvan die Grondwet die oppergesag is en nie meer die Almagtige God, nie. Verder het die 1961 RSA volkslied se 4de strofe ons knegskap van die Allerhoogste besing, terwyl die 1996 RSA volkslied die Nkosi van Afrika besing. Dit is algemene kennis dat Afrika gelowe hul voorvaders aanbid, wat i.t.v. die Bybel vreemde gode is, en strydig is met die eerste drie Gebooie en die Bybel ondergeskik maak aan die RSA Grondwet.

Dit beantwoord die vraag van Jer.5:19 hierbo aangehaal m.b.t. waarom dit met ons as blanke Christendom toenemend sleg gaan en waarom ons nie toegelaat word om eie skole en woongebiede te hê soos wat die demokratiserings-proses beloof het nie, wat sou neerkom op halwe apartheid. Daar is egter nie iets soos halwe apartheid nie. Apartheid is in terme van die Bybel heiligheid en God Almagtig

---

[5] https://youtu.be/La9dUkeTyhQ

[6] https://www.who.int/news/item/12-07-2021-who-issues-new-recommendations-on-human-genome-editing-for-the-advancement-of-public-health

[7] https://youtu.be/w2MatoVTqCg?list=PLTxJ9voTNehrTpCgdbngq6NpEQ8Uk7-xH

[8] Skrifaanhalings is uit die 1933/53 Vertaling: **Jer.5:15** Kyk, Ek bring oor julle 'n nasie van ver af, o huis van Israel, spreek die HERE; 'n eeue-oue nasie is dit, 'n nasie van ouds af, 'n nasie waarvan jy die taal nie ken en jy nie verstaan wat hulle praat nie. :**16** Hulle pylkoker is soos 'n geopende graf; hulle is almal helde. :**17** En hulle sal jou oes en jou brood opeet, hulle sal jou seuns en jou dogters opeet, hulle sal jou kleinvee en jou beeste opeet, hulle sal jou wingerdstok en jou vyeboom opeet, hulle sal jou versterkte stede waar jy op vertrou, met die swaard verwoes. :**18** Nogtans sal Ek ook in dié dae, spreek die HERE, nie 'n einde aan julle maak nie. :**19** En as julle sê: Waarvoor het die HERE onse God ons al hierdie dinge aangedoen? antwoord hulle dan: Soos julle My verlaat het en vreemde gode in julle land gedien het, so sal julle vreemdes dien in 'n land wat julle s'n nie is nie.

verwag van ons as Bybelgelowige volk om heilig/apart te wees omdat Hy heilig/apart is [9].

Die Strong's Konkordansie definisie van die Bybelse begrip "heilig" is:
**Strong's 06944 qodesh {ko'-desh}**
from 06942; TWOT - 1990a; n m; AV - holy 262, sanctuary 68, (holy, hallowed,...) things 52, most 44, holiness 30, dedicated 5, hallowed 3, consecrated 1, misc 3; 468
1) apartness, holiness, sacredness, separateness
1a) apartness, sacredness, holiness
1a1) of God
1a2) of places
1a3) of things
1b) set-apartness, separateness

Heiligheid beteken dus ook apartheid of afsondelikheid. JaHWeH [die HERE] het Israel uit Egipte laat trek sodat hulle Hom kon dien. Hulle kon Hom nie dien te midde van die gode van Egipte nie. Dit is apartheid en is as sonde en kettery verklaar volgens die Rustenburg Deklarasie [sien eindnota i ] en as 'n kriminele oortreding volgens VVO Resolusie 3068(xxviii) 30 Nov.1973. Die antwoord op die vraag of ons vreemde gode dien, is dus- **Ja**! – Pas ons apartheid toe, is die wêreld teen ons. Draai ons ons rug op apartheid en vermeng ons met die wêreld, is JaHWeH teen ons. Die oplossing vir ons as Bybelgelowige volk is eenvoudig- volg JaHWeH en nie die wêreld nie- Hand.4:19-20 en 5:27-29 [10].

In terme van die Tema verkeer ons in 'n woestyn en in 'n wildernis soos in die dae van Israel in Egipte met gepaardgaande murmurering. Nie dat hulle 'n tekort aan water en kos gehad het nie, maar hulle het 'n honger en dors na geregtigheid gehad weens die verdrukking van Farao.

Dit het hulle gebring by die punt dat Moses en Aaron in opdrag van JaHWeH [die HERE] die volgende vir Farao moes sê: Laat My volk trek, dat hulle My kan dien in die woestyn – **Eks.7:16**. Israel kon Hom nie dien te midde van die verskeidenheid gelowe in Egipte nie aangesien Hy heilig [afgesonder/apart] is en van ons verwag om ook heilig [apart] te wees:- ***Lev.19:2*** *Spreek met die hele vergadering van die kinders van Israel en sê vir hulle: Heilig moet julle wees, want Ek, die HERE julle God, is heilig.*

Soos wat JaHWeH [die HERE] met die Eksodus aan Sy volk waters in die woestyn en riviere in die wildernis gegee het, getuig die besprekingspunte van hierdie

---

[9] **The Scriptures 2009**- **Lev.11:44** 'For I am יהוה your Elohim, and you shall set yourselves apart. And you shall be set-apart, for I am set-apart. And do not defile yourselves with any swarming creature – the one creeping on the earth. **Lev.11:45** 'For I am יהוה who is bringing you up out of the land of Mitsrayim, to be your Elohim. And you shall be set-apart, for I am set-apart. & **1Pet.1:15** instead, as the One who called you is set-apart, so you also should become set-apart in all behaviour, :**16** because it has been written, "Be set-apart, for I am set-apart." [Lev_11:44, Lev_19:2.]

[10] **Hnd.4:19** Toe antwoord Petrus en Johannes en sê vir hulle: Of dit reg is voor God om julle meer gehoorsaam te wees as God, moet julle self beslis; :**20** want vir ons is dit onmoontlik om nie te spreek oor wat ons gesien en gehoor het nie. **Hnd.5:27** Hulle het hul dan gebring en voor die Raad gestel; en die hoëpriester het hulle gevra en gesê: :**28** Het ons julle nie uitdruklik verbied om in dié Naam te leer nie? En kyk, julle het Jerusalem met julle leer vervul; en julle wil die bloed van hierdie Man op ons bring. :**29** En Petrus en die apostels antwoord en sê: Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense.

volkskonsilie ook van waters in die woestyn en in die wildernis, waarin ons ons tans bevind.

Ons het begrip daarvoor dat almal nie met alles in hierdie skrywe vertroud sal wees nie, maar ons kan en mag ook nie daaroor swyg nie. Daarom is hierdie skrywe 'n getuienis en 'n bekendstelling van die wyse waarop die deel van die volk wat nog die Bybel as Gesaghebbend verklaar, op trek kan gaan na die plek wat JaHWeH [die HERE] profeties en geskiedkundig vir ons voorberei het, soos hieronder aan die lig sal kom.

Hierdie sakelys is by wyse van **raadpleging en lotsbeslissing** vasgestel, wat 'n **Bybelse praktyk** is wat kerklik afgeskeep is. **Hierdie besonderse verband** tussen **ons as volk** en **ons hemelse Vader** het grootendeels ten gronde gegaan. Matthías as apostel is in die plek van Judas Iskáriot op hierdie wyse aangewys [Hand.1] en Andries Pretorius is ook as leier van die Strafkommando teen Dingaan met die lot aangewys – sien eindnota - [ii], en die eerste Voortrekker-kerkraad in Natal is ook met die lot aangewys - [iii]. Hierdie sakelys is Bybels gesproke legitiem.

Dit is opvallend hoe relevant die besprekingspunte is binne huidige wêreldgebeure, asook m.b.t. die vervulling van profesie en die mandaat [iv] soos ooreengekom met die 2009 Vegkop Volksvergadering. Die besprekingspunte en die Deut.16:16-17 gedrewe Volksvergaderings het ten doel om ons voor ons hemelse Vader se Aangesig te laat verskyn en met mekaar te spreek oor dit wat Hy in die sakelys ter sprake gebring het. Dit hou verband met die totstandkoming van die Boererepublieke binne gelofteverband. Die besprekingspunte spreek van die vervulling- van profesie en die geloftes en bring hedendaagse gebeure daarmee in verband.

Hiermee 'n uiteensetting van hoe die besprekingspunte op mekaar kan volg en met mekaar in verband staan en by mekaar aansluiting vind. Die Skrifverwysings kom voor in die Sakelys as voetnota's en hoef u dit nie nou na te slaan nie:

Die eerste besprekingspunt is **Psalm 74** wat na Israel se verval verwys weens hul ongehoorsaamheid en gevolglike ballingskappe. Melding word ook gemaak van die wonderwerke van JaHWeH [die HERE] en die oproep tot Sy toetrede tot die stryd teen die vyand wat Jerusalem en die Tempel verwoes het. Die sending van **Eségiël** [2:3] na Israel in ballingskap weens hul opstandigheid, spreek tot ons waar ons in verstrooiing is en nog steeds opstandig is teenoor JaHWeH en Sy verordeninge. Die tweede brief aan die **Korintiers** [6:14,17-7:1], vermaan ons om nie in dieselfde juk as die ongelowiges te trek nie, aangesien die neerkom op gemeenskap tussen lig en duisternis. Die opdrag is om onder hulle uit te gaan en ons af te sonder sodat Vader JaHWeH ons kan aanneem. In **Esegiel** [14:7-9] spreek JaHWeH 'n haastige oordeel uit oor hulle wat deudrenk is met afgodery en nogtans deur die priester tot Hom wil nader in raadpleging. Hy sal dié-sulkes uitroei uit Sy volk uit. **Jesaja** [51:1,4,7-8] spreek tot die deel van die volk wat geregtigheid najaag, wat JaHWeH soek om na Hom te luister, in wie se hart Sy wet is, om nie te vrees en te skrik vir die aanslae van vyandiges nie, want hulle sal vergaan en Sy heil en wet sal vir ewig bestaan. Dan volg **Psalm 87** oor Jerusalem as die tuiste van JaHWeH wat Hy liefhet en in stand hou. Volgens **Jeremia** [5:1] het JaHWeH groot geduld met Jerusalem en sal Hy daaraan vergifnis skenk as daar selfs net een is wat doen wat reg is en wat waarheid soek. Die waarheid is dus belangriker as baie mense. Die waarheid m.b.t. die outentieke Gelofte van Bloedrivier word van ons as gelofteplígtige volk weerhou deur verreweg

**die meeste geloftefeeskomitees, predikers en sprekers**, en word die stigting van die huis, wat ons Godgegewe vryheidsmanifes bevat, sodoende verswyg. Hierdie gelofteversuim bring ons in die nood, wat volgens **Deuteronómium** [4:29-31] sal verdwyn sodra ons ons bekeer van **gelofteversuim**, want JaHWeH vergeet nie die verbond wat Hy met ons vaders gesluit het, nie. Ons moet na Hom terugkeer soos die verlore seun van **Lukas** [15:30-32] wie se vader hom teruggeneem het, en sal Hy ons ook terugneem as ons na Hom terugkeer en ons Geloftes eerbiedig. Dit sluit aan by **Daniël** [12:7] se groot verdrukking waartydens die heilige volk se mag heeltemal verstrooi sal word en die Antichris sal regeer en die daaropvolgende wederkoms en koningskap van JaHShuah sal realiseer. Dit vind plaas in die sewentigste week van **Daniël** [9:24,27] en hou verband met die Bybelse kalender se komende jaar beginende op 31 Maart 2025. Dan volg die verband tussen die totstandkoming van die Boererepublieke en **Openbaring** [12:6,14-17] waartydens Israel as vrou weggevoer word na haar voorbereide plek in die woestyn. Die Herstel van die Boererepublieke sal vanuit die oogpunt van **Josua** [2:24], soos die beloofde land, deur JaHWeH beskik word; en volgens **Josua** [21:43-45] sal dit 'n Teokratiese staat wees wat verband hou met die stigting van die huis van die Bloedrivier Gelofte en sodoende sal al die goeie woorde wat JHWH met ons vaders ooreengekom het, vervul word. Hierby vind **Jesaja** [43:6-8] aansluiting wanneer ons as verstrooide volk vanuit alle oorde bymekaar gemaak sal word, en nie alles nasies nie. Ons **vertaalde Bybels wyk** in sommige gevalle af van die Leer van die oorspronklike Hebreeuse- en Griekse Grondtekste, en het 'n **onBybelse leer** ontstaan waarop die Christendom se gelowe berus. Soos in die geval waar die seën van **Génesis** [28:3,14] op Jakob van toepassing is en berekking het op 'n menigte van familiêre volke, **en nie alle nasies nie**. Die alle nasie leer is Babilonies van aard en is tans deel van die VVO se **"Pact of the Future"** van September 2024, waarin alle nasies deel word van die Nuwe Wêreldorde [NWO], waarvan ons as Skrifgelowige volk nie deel mag wees nie en vir wie voorsiening gemaak word in die woestyn en Boererepublieke, soos die vorige profesiegebonde besprekingspunte van spreek. Die NWO sal 'n tyd van benoudheid wees soos wat **Hábakuk** [3:16-19] van spreek, wat 'n tyd van hongersnood sal wees wanneer daar aanvalle sal wees, maar dat ons in JaHWeH sal jubbel en juig omdat ons heil in Hom is. Hy sal ons voete maak soos dié van herte en sal ons laat tree op hoogtes, wat betrekking kan hê op ons verblyf in die Teokratiese Boererepublieke. In die tyd kan ons volgens **Jesaja** [43:20b] wonderweke verwag- water in die woestyn en riviere in die wildernis waaruit ons as Sy uitverkore volk sal kan drink. Die laaste besprekingspunt handel oor die verwarring wat die verskillende kalenders wat in werking was ten tye van die laaste Pasga, veroorsaak; en hul invloed op die werklike datums waarop JaHshuah gedood is en opgestaan het soos opgeteken in **Johannes** [19:31 en 20:1]. Die vraagstuk oor die sabbatte tydens JaHShuah se dood en opstanding en werklike tyd in die graf en die drie hemelvaarte, sal vanuit die perspektief van die Skriftuurlike kalender [Gen.1:14-19] verduidelik word.

Bogenoemde uiteensetting is 'n poging om die inhoud van die Lotsbepaalde besprekingspunte in konteks met mekaar te bring, in ag genome die profetiese tyd waarin ons leef en die vervulling van die Geloftes van Bloedrivier en Paardekraal..

**Padbeskrywing na die Vergaderplek [AGS – Kampgronde - Vryburg]**

**GPS Koördinate: S27° 6.1128' E24° 39.3390'**

Vanuit Vryburg neem Markstraat rigting Kuruman vir 2.6km. Draai dan links op die Reivilo pad [net voor die Voortrekker monumentjie]. Ry 11.8 km rigting Reivilo en draai dan links by die Grootkloof en AGS Kampterrein bord. Ry tot by twee hekke en

hou regs en maak die hek weer toe met die ketting. +/- 50m verder draai links in by die wildwering hek en volg die pad sonder om af te daai tot by die kampterrein op linkerkant. Gaan deur die hek en dadelik weer deur die hek op linkerkant in die kampterrein in.

## SAKELYS - Tydens die Feesweek van Ongesuurde Brode

**18 April 2025 nM**

08h30 - 09h00 **Opening en ordening.** Flip Swanepoel
09h00 - 09h30 Ps.74 [11] - Kobus Botes
09h30 - 10h00 Bespreking
10h00 - 10h30 Eseg.2:3 [12] – Niklaas Buys
10h30 – 11h00 Bespreking
11h00 - 11h30 Blaaskans
11h30 – 12h00 2Kor.6:14,17-7:1 [13] - Brendan Minné
12h00 – 12h30 Bespreking
12h30 – 13h00 Eseg.14:7-9 [14] - Kobus Botes
13h00 – 13h30 Bespreking
13h30 - 14h30 Ete – selfvoorsienend.
14h30 – 15h00 Jes.51:1,4,7-8 [15] - Jurgens van Zyl

---

[11] **Ps.74:1** 'n Onderwysing van Asaf. o God, waarom het U vir altyd verstoot? Waarom rook u toorn teen die skape van u weide? :**2** Dink aan u vergadering wat U in die voortyd verwerf het, wat U verlos het om die stam van u erfdeel te wees, aan die berg Sion waar U op gewoon het. :**3** Hef u voete op na die ewige puinhope: alles het die vyand in die heiligdom verniel. :**4** U teëstanders het binne-in u vergaderplek gebrul; hulle het hul tekens as tekens gestel. :**5** Dit lyk soos wanneer iemand byle omhoog hef in 'n digte plek bome. :**6** En nou—die houtsnywerk daarvan het hulle alles met byl en hamers stukkend geslaan. :**7** Hulle het u heiligdom aan die brand gesteek; tot die grond toe het hulle die woonplek van u Naam ontheilig. :**8** Hulle het in hul hart gesê: Laat ons hulle almal saam onderdruk! Hulle het al die vergaderplekke van God in die land verbrand. :**9** Ons sien nie ons tekens nie; daar is geen profeet meer nie, en by ons is daar niemand wat weet hoe lank nie. :**10** Hoe lank, o God, sal die teëstander smaad aandoen, sal die vyand u Naam vir altyd verag? :**11** Waarom trek U u hand, ja, u regterhand, terug? Trek dit uit u boesem! Vernietig! :**12** Nogtans is God my Koning van die voortyd af, wat verlossinge werk op die aarde. :**13** U het deur u sterkte die see geklief; U het die koppe van die seemonsters op die waters verbreek. :**14** U het die koppe van die Leviátan verbrysel; U het hom gegee as voedsel vir 'n volk—vir woestyndiere. :**15** U het fontein en stroom oopgeslaan; U het standhoudende riviere laat opdroog. :**16** Aan U behoort die dag, aan U behoort ook die nag; U het hemelligte en son vasgestel. :**17** U het al die grense van die aarde bepaal; somer en winter, U het hulle geformeer. :**18** Dink hieraan: Die vyand het die HERE gesmaad, en 'n dwase volk het u Naam verag. :**19** Gee aan die wilde diere die siel van u tortelduif nie oor nie; vergeet nie vir altyd die lewe van u ellendiges nie. :**20** Aanskou die verbond, want die donker plekke van die land is vol wonings van geweld. :**21** Laat die verdrukte nie beskaamd terugkom nie; laat die ellendige en behoeftige u Naam prys. :**22** Staan op, o God, verdedig u saak; dink aan die smaad wat U die hele dag aangedoen word deur 'n dwaas. :**23** Vergeet nie die geroep van u teëstanders nie—die rumoer van u opstandige vyande, wat altyddeur opgaan!

[12] **Eseg.2:3** Hy sê toe vir my: Mensekind, Ek stuur jou na die kinders van Israel, na die opstandige nasies wat teen My opgestaan het; hulle en hul vaders het teen My oortree tot hierdie selfde dag toe.

[13] **2Kor.6:14** Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis? :**17** Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem; :**18** en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige. **2Kor.7:1** Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring.

[14] **Eseg.14:7** Want elke man uit die huis van Israel en uit die vreemdelinge wat in Israel vertoef, wat hom afsonder en My nie navolg nie en sy drekgode in sy hart opneem en die struikelblok tot sy ongeregtigheid voor sy aangesig neersit en na die profeet toe kom, dat dié My vir hom kan raadpleeg—hom sal Ek, die HERE, self antwoord gee. :**8** Ek sal my aangesig rig teen dié man en hom tot 'n teken en 'n voorwerp van spot maak, en Ek sal hom uitroei uit die midde van my volk; en julle sal weet dat Ek die HERE is. :**9** En as die profeet hom laat verlei om 'n woord te spreek—Ek, die HERE, het dié profeet verlei, en Ek sal my hand teen hom uitstrek en hom verdelg uit die midde van my volk Israel.

[15] **Jes 51:1** Luister na My, julle wat die geregtigheid najaag, wat die HERE soek! Aanskou die rots waaruit julle gekap is en die holte van die put waaruit julle gegrawe is. :**4** Luister na My, my volk, en neig die oor tot My, my nasie! Want 'n wet sal

15h00 – 15h30 Bespreking
15h30 – 16h00 Ps.87 [16] - Dirk Bothma jr.
16h00 - 16h30 Blaaskans
16h30 - 17h00 Bespreking
17h00 – 17h30 Jer.5:1 [17] - Dries Fourie
17h30 – 18h00 Bespreking
18h00 – Dag afsluiting

**19 April 2025 nM**
08h00 – 08h30 **Opening en ordening.** Opening Migael Lombard
08h30 – 09h00 Die stigting van die huis as kern van die outentieke gelofte van Bloedrivier word nie eerbiedig tydens Geloftefees byeenkomste nie – Flip Swanepoel
09h00 – 09h30 Bespreking
09h30 – 10h00 Deut.4:29-31 [18] binne konteks van gelofteversuim – Tienie Dumas
10h00 – 10h30 Bespreking
10h30 – 11h00 Blaaskans
11h00 - 11h30 Luk.15:30-32 [19] saamgelees met die Geloftes van: Van Riebeeck, Bloedrivier en Paardekraal. – Henko Steenkamp
11h30 – 12h00 Dan.12:7 [20] – Migael Lombard
12h00 – 12h30 Bespreking
12h30 – 13h30 Ete – selfvoorsienend
13h30 – 14h00 Dan.9:24,27 [21] in verband met die Bybelse kalender se komende nuwejaar – Migael Lombard
14h00 - 14h30 Bespreking
14h30 – 15h00 Die totstandkoming van die Boererepublieke in die tydvak van Op.12:6,14-17 [22] – Conrad van Niekerk

---

van My uitgaan, en Ek sal my reg vasstel as 'n lig van die volke. :**7** Luister na My, julle wat die geregtigheid ken, volk in wie se hart my wet is! Wees nie bevrees vir die smaad van mense en skrik nie vir hulle skimptaal nie; :**8** want die mot sal hulle opeet soos 'n kleed, en die wurm sal hulle verteer soos wol; maar my geregtigheid sal vir ewig bestaan en my heil van geslag tot geslag.

[16] **Ps.87:1** Van die kinders van Korag. 'n Psalm. 'n Lied. Sy grondvesting is op heilige berge. :**2** Die HERE het die poorte van Sion lief bo al die wonings van Jakob. :**3** Heerlike dinge word van u gesê, o stad van God! Sela. :**4** Ek wil Rahab en Babel vermeld onder hulle wat My ken; kyk, Filistéa en Tirus saam met Kus—hierdie een is daar gebore. :**5** En van Sion sal gesê word: Man vir man is daarin gebore, en Hy, die Allerhoogste, hou dit in stand. :**6** Die HERE sal tel as Hy die volke opskrywe: Hierdie een is daar gebore. Sela. :**7** En die wat sing sowel as die wat vrolik is, sê: Al my fonteine is in jou!

[17] **Jer.5:1** Swerf rond in die strate van Jerusalem, en kyk tog en verneem en soek op sy pleine of julle iemand vind, of daar een is wat reg doen, wat waarheid soek—dan sal Ek daaraan vergifnis skenk.

[18] **Deut.4:29** Dan sal julle daarvandaan die HERE jou God soek en vind as jy Hom met jou hele hart en jou hele siel soek. :**30** As jy in die nood is en al hierdie dinge aan die einde van die dae oor jou kom, sal jy na die HERE jou God terugkeer en na sy stem luister. :**31** Want die HERE jou God is 'n barmhartige God; Hy sal jou nie verlaat en jou nie in die verderf stort nie; en Hy sal die verbond van jou vaders wat Hy hulle besweer het, nie vergeet nie.

[19] **Luk.15:30** Maar toe hierdie seun van u kom, wat u goed met hoere deurgebring het, het u vir hom die vetgemaakte kalf geslag. **:31** Toe sê hy vir hom: Kind, jy is altyd by my, en al wat myne is, is joue. **:32** Ons moet tog vrolik en bly wees, want hierdie broer van jou was dood en het weer lewendig geword, en hy was verlore en is gevind.

[20] **Dan.12:7** Toe hoor ek die man, met linne bekleed, wat bo-oor die water van die rivier was, en hy het sy regterhand en sy linkerhand na die hemel opgehef en gesweer by die Ewig-Lewende: 'n Tyd, tye en 'n halwe tyd, en as hulle die mag van die heilige volk geheel verstrooi het, sal al hierdie dinge vervul word.

[21] **Dan.9:24** Sewentig sewetalle is oor jou volk en jou heilige stad bepaal, om die goddeloosheid te voleindig en om die maat van die sondes vol te maak en om die ongeregtigheid te versoen en om ewige geregtigheid aan te bring en om gesig en profeet te beseël en om wat hoogheilig is, te salf. :**27** En hy sal een week lank met baie 'n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou; en op die vleuel van gruwels sal daar 'n verwoester wees, en wel tot aan die einde; en wat vas besluit is, sal oor wat woes is, uitgestort word.

[22] **Op.12:6** En die vrou het na die woestyn gevlug waar sy 'n plek het wat deur God gereed gemaak is, dat hulle haar daar sou onderhou duisend twee honderd en sestig dae lank. :**14** maar die twee vlerke van die groot arend is aan die vrou gegee, sodat sy na die woestyn, na haar plek, kon vlieg, waar sy uit die gesig van die slang onderhou word, 'n tyd en tye

15h00 – 15h30 Bespreking
15h30 – 16h00 Blaaskans
16h00 – 16h30 Jos.2:24 [23] saamgelees met die herstel van die Boererepublieke- Hansie Swanepoel
16h30 – 17h00 Bespreking
17h00 – 17h30 Jos.21:43-45 [24] in verband met die stigting van die Teokratiese Boererepublieke – Pieter Swanepoel
17h30 – 18h00 Bespreking
18h00 – Dag afsluiting

**20 April 2025 nM**
08h00 – 08h30 **Opening en ordening.** Opening Kobus Botes
08h30 – 09h00 Jes.43:6-8 [25] - Tienie Dumas
09h00 – 09h30 Bespreking
09h30 – 10h00 Die vertaalde Bybels wyk in sommige gevalle af van die Leer van die oorspronklike Hebreeuse- en Griekse Grondtekste – Flip Swanepoel
10h00 – 10h30 Bespreking
10h30 – 11h00 Blaaskans
11h00 - 11h30 Gen.28:3,14 - Tienie Dumas
11h30 – 12h00 Bespreking
12h00 – 12h30 Pact of the Future – Pieter Kruger
12h30 – 13h00 Bespreking
13h00 – 14h00 Ete – selfvoorsienend
14h00 - 14h30 Bespreking
14h30 – 15h00 Háb.3:16-19 [26] – Jurgens van Zyl
15h00 – 15h30 Bespreking
15h30 – 16h00 Blaaskans
16h00 – 16h30 Jes.43:20b [27] - Conrad van Niekerk
16h30 – 17h00 Bespreking

---

en 'n halwe tyd. :**15** En die slang het uit sy bek water soos 'n rivier agter die vrou aan uitgegooi, om haar te laat wegvoer deur die rivier. :**16** En die aarde het die vrou te hulp gekom, en die aarde het sy mond oopgemaak en die rivier opgesluk, wat die draak uit sy bek uitgegooi het. :**17** En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God bewaar en die getuienis van Jesus Christus hou.

[23] **Jos.2:24** Verder het hulle vir Josua gesê: Sekerlik gee die HERE die hele land in ons hand, ja, al die inwoners van die land bewe selfs vir ons.

[24] **Jos 21:43** So het die HERE dan die hele land aan Israel gegee wat Hy hulle vaders met 'n eed beloof het om hulle te gee; en hulle het dit in besit geneem en daarin gaan woon. :**44** En die HERE het hulle aan alle kante rus gegee net soos Hy hulle vaders met 'n eed beloof het; en niemand van al hul vyande het voor hulle standgehou nie; al hulle vyande het die HERE in hulle hand gegee. :**45** Geen woord van al die goeie woorde wat die HERE met die huis van Israel gespreek het, het onvervuld gebly nie; alles het uitgekom.

[25] **Jes 43:6** Ek sal sê aan die noorde: Gee! en aan die suide: Hou nie terug nie! Bring my seuns van ver, en my dogters van die einde van die aarde af, :**7** elkeen wat na my Naam genoem is en wat Ek geskape het tot my eer, wat Ek geformeer, wat Ek ook gemaak het. :**8** Bring uit die volk wat blind is en tog oë het, en die dowes wat ore het.

[26] **Háb 3:16** Toe ek dit hoor, het my ingewande gebewe; my lippe het getril by die geluid, bederf het gekom in my gebeente, ja, ek het gebewe waar ek staan, omdat ek rustig moes wag op die dag van benoudheid dat dit aanbreek vir die volk wat op ons 'n aanval maak.

Háb 3:**17** Alhoewel die vyeboom nie sal bloei en aan die wingerdstokke geen vrug sal wees nie, die drag van die olyfboom sal teleurstel en die saailande geen voedsel oplewer nie, die kleinvee uit die kraal verdwyn en geen beeste in die stalle sal wees nie— :**18** nogtans sal ek jubel in die HERE, ek sal juig in die God van my heil. :**19** Die HERE Here is my sterkte, en Hy maak my voete soos dié van herte, en Hy laat my tree op my hoogtes. Vir die musiekleier op snaarinstrumente.

[27] **Jes 43:20b** Ek gee waters in die woestyn, riviere in die wildernis om my volk, my uitverkorene, te laat drink.

17h00 – 17h30 Joh.19:31 [28] saamgelees met Joh.20:1 [29] - Flip Swanepoel
17h30 – 18h00 Bespreking
18h00 – Afsluiting van vergadering

**Eindnotas**

---

[i] Uittreksel uit Kerkbode 16 Nov.1990

KERKBODE 16 Nov. 1990

# Die lang reis van Cottesloe na Rustenburg

***FRITS GAUM doen verslag oor die konferensie van kerkleiers wat verlede week op Rustenburg teenaan die Transvaalse Bosveld gehou is. Hy skryf dat daar 30 jaar tussen die Cottesloe-kerkeberaad en die Rustenburg-konferensie lê. Baie dinge het verander; baie het ook dieselfde gebly.***

DERTIG jaar gelede, midsomer 1960, was die koerante boordens toe vol oor 'n kerkeberaad. Die naweek toe die kerkleiers ná die weeklange beraad wat by Cottesloe, Johannesburg, gehou is, na hulle huise teruggekeer het, was die vraag op almal se lippe: "Wat nou? Het die Afrikaanse kerkmanne ons in die steek gelaat? Het hulle ons uitverkoop? Moes hulle ooit met die ander kerke oor ons landstoestande in die lig van die Skrif gaan praat het… en dit nogal onder voorsitterskap van buitelanders van die Wêreldraad van Kerke!"

In die stormagtige maande wat gevolg het, het al die sinodes van die Ned Geref Kerk hulle losgemaak van die Cottesloe-besluite. Dit het 'n kroniek-skrywer van die Cottesloe-verhaal jare later laat opmerk dat die kerkmanne van Cottesloe hulle tyd ver vooruit was. Die verwerping van daardie besluite, skryf hy, het meegebring "dat die vure vandag nog brand".

Die waarheid is dat die sinodes van die NG Kerk Die waarheid is dat die sinodes van die NG Kerk in die dekades ná Cottesloe amper al die besluite wat destyds deur die kerkeberaad geneem is, by implikasie aanvaar het. Soos dat niemand wat in Jesus Christus glo, uitgesluit mag word uit enige kerk op grond van sy kleur of ras nie; dat daar geen Skrifuurlike gronde vir 'n verbod op gemengde huwelike is nie; dat 'n beleid wat aan nie-blankes permanent die reg tot medeseggenskap in die regering van die land waarvan hulle burgers is, ontsê, nie geregverdig kan word nie…

Verlede Saterdag, onderweg terug van die Rustenburg-beraad waar 230 verteenwoordigers van 80 kerke en 40 Christelike organisasies die vorige week byeengekom het, het ek baie aan dertig jaar gelede gedink. Dit was destyds woelige, dramatiese dae: Sharpeville, die eerste aanslag op die lewe van dr Hendrik Verwoerd, 'n noodtoestand. Toevallig was ek in Desember 1960 as jong student in dieselfde trein op pad Kaap toe as die moderator van die Kaapse Sinode van daardie jare, dr A J van der Merwe. En hoe het dit nie om hom gewoel nie…

Nou was dit ander NG mense wat in die brandpunt van die aandag gestaan het, en die omstandighede was baie anders. Of tog ook nie: die hoë drama van 1990 sedert 2 Februarie staan niks terug vir dié van 1960 nie. En selfs die rolspelers het raakpunte: dr Andries Treurnicht het destyds as redakteur van Die Kerkbode die handskoen teen redakteur van Die Kerkbode die handskoen teen die Cottesloe-besluite opgetel, en dit is ook hy wat, weliswaar in 'n ander hoedanigheid, die Rustenburg-beraad verlede week skerp gekritiseer het. En prof F J M Potgieter, 'n afgevaardigde na Cottesloe, se seun, prof Pieter Potgieter, is die moderator van die Algemene Sinode van 1990 – die man wat nou sy staan moet ken.

Cottesloe en Rustenburg. Baie dinge het verander. En baie het dieselfde gebly.

Daar het merkwaardige dinge by die Rustenburg-beraad gebeur.

● Prof Willie Jonker, 'n genooide spreker, verklaar vroeg in die beraad, uit eie beweging: "Ek bely voor u en voor God nie net my eie sonde en skuld nie, en my persoonlike verantwoordelikheid vir die politieke, sosiale, ekonomiese en strukturele onregte waaronder u en ons hele land nog ly nie, maar plaasvervangend waag ek dit om dit ook namens die NG Kerk te doen, waarvan ek 'n lidmaat is, en vir die Afrikaners. Ek het die vryheid om dit te doen, want die NG Kerk het apartheid op sy afgelope Algemene Sinode tot [illegible] de verklaar en sy eie s[illegible] van nalatigheid beken dat hy nie lank gelede daarteen gewaarsku en homself daarvan gedistansieer het nie."

● Aartsbiskop Desmond Tutu sê net ná prof Jonker se toespraak, ook uit eie beweging en sonder vooraf raadpleging, dat hy die skuldbelydenis aanvaar en hy nie aan die opregtheid daarvan twyfel nie.

● Die vraag was nou ● Die vraag was nou stem die NG Kerk se amptelike afvaardiging na die konferensie saam met prof Jonker se skuldbelydenis? Die afvaardiging was nie vooraf bewus van prof Jonker se voorneme om so 'n belydenis te doen [illegible] maar het reeds aan die [illegible] gin van die byeenkoms besef: daar sal die een of ander verklaring oor die NG Kerk se huidige standpunt oor apartheid gemaak moet word. Dit was nou die geleentheid daarvoor. Die kwessie van "skuldbelydenis" was nie vir die afvaardiging 'n probleem

---

[28] **Joh.19:31** En dat die liggame nie op die sabbat aan die kruis sou bly nie, aangesien dit die voorbereiding was—want die dag van daardie sabbat was groot—het die Jode Pilatus gevra dat hulle bene gebreek en hulle weggeneem moes word.
[29] **Joh.20:1** En op die eerste dag van die week kom Maria Magdaléna vroeg, terwyl dit nog donker was, by die graf en sien dat die steen van die graf weggeneem was.

nie, want die Algemene Sinode het dit reeds gedoen. Die beleidstuk *Kerk en Samelewing 1990* wat die Sinode goedgekeur het, lui immers: "Terwyl die NG Kerk deur die jare ernstig en volhardend gesoek het na die wil van die Here in sy Woord vir ons samelewing, het die kerk gefouteer deur toe te laat dat gedwonge afsonderlikheid en skeiding van volke in sy kring selfs as 'n Bybelse eis gesien is. Die NG Kerk moes hom al baie vroeër duidelik van dié siening gedistansieer het, en erken en bely sy versuim" (paragraaf 283), en:

"Enige sisteem wat in die praktyk soos apartheid funksioneer, is in die lig van die Skrif en die Christelike gewete onaanvaarbaar en moet as sondig van die hand gewys word. Enige poging van 'n kerk om so 'n sisteem Bybelseties te probeer verdedig, moet as 'n ernstige dwaling beskou word, dit wil sê as in stryd met die Bybel" (paragraaf 285).

Prof Pieter Potgieter het in die lig van hierdie besluite die dag ná prof Jonker se optrede namens die afvaardiging aan die konferensie gesê: "Die afvaardiging van die NG Kerk wil dit onomwonde stel dat ons ons volledig vereenselwig met die verklaring van prof Jonker oor die posisie van hierdie kerk. Hy het op stuk van sake die besluite van ons Algemene Sinode in Bloemfontein weergegee. Ons wil graag dié besluite van die Sinode as die basis van versoening met alle mense en alle kerke beskou."

Prof Potgieter se verklaring gaan verder: "Die vraag oor herstel (restitusie) ná belydenis is ook geopper. Die notule van ons Sinode laat duidelik blyk dat ons reeds begin het met 'n proses van restitusie, sowel in ons verhouding met ons eie Familie van NG Kerke as met die Suid-Afrikaanse gemeenskap in die geheel. Ons kan in dié verband byvoorbeeld verwys na die aanvaarding van 'n Deklarasie van Christelike Beginsels deur die Sinode."

(Let tog wel: in sy verklaring het prof Potgieter nie gereageer op prof Jonker se persoonlike skuldbelydenis of dié wat hy plaasvervangend vir die Afrikaners gedoen het nie; prof Potgieter het net verwys na die posisie van die NG Kerk.)

● Ná prof Potgieter se verklaring – wat in doodse stilte aangehoor is – het aartsbiskop Tutu, soos die vorige dag, na die podium gegaan en gesê dat hy baie kritiek moes verduur omdat hy die skuldbelydenis van prof Jonker aanvaar het. Daar is aan hom gevra watter magtiging hy dan het om so iets te doen.

Sommige kerklui meen ook dat die NG Kerk se skuld nie so maklik vergewe kan word nie, het hy gesê. Maar by hom is daar nie twyfel nie: as skuld bely word, vergewe die Here – en so moet Christene mekaar ook vergewe. Tot sewentig maal sewe keer, het die Here Jesus gesê. Aartsbiskop Tutu het ook gesê dat hy self skuld en sonde het om te bely.

● Daar was na dié dramatiese gebeure nog diegene wat ongelukkig gevoel het: die afgevaardigdes van die NG Sendingkerk en die NG Kerk in Afrika was van mening dat die NG Kerk nie regtig bedoel wat hy sê nie, en dat die mense van die NG Kerk meesters is van die kuns om met woorde te speel (soos ds Nick Apollis van die Sendingkerk dit gestel het).

Verskeie pogings is hierna aangewend om die afgevaardigdes van die NG Kerk, die NG Sendingkerk en die NG Kerk in Afrika bymekaar te bring om sake uit te praat. Toe hulle mekaar op lange laas alleen oor 'n tafel in die oë kon kyk, is daar besluit dat hulle op 4 Desember weer bymekaar sal kom om oor die dinge wat grief, te praat.

● Terwyl al dié verwikkelinge aan die gang was, het die konferensie sy loop geneem: daar was toesprake deur prof J W de Gruchy ("Obstacles to a Christian witness in South Africa"), prof Dawid Bosch ("Church perspectives on the future of South Africa"), proff Johan Heyns en Charles Villa-Vicencio ("Church/state relations in South Africa") en dr Beyers Naudé ("The role of the church in a changing South Africa"). Daar was talle groepbesprekings. Daar was "inspirational adresses" deur past Ray Mc Cauley en past Elijah Maswanganyi. Daar was deurnagsessies van die sogenaamde "draft committee" wat aan 'n deklarasie moes werk om aan die einde van die byeenkoms uit te reik. En daar was kans vir die afgevaardigdes om mekaar beter te leer ken en te begin bou aan brûe van begrip oor die klowe wat die kerke oor die jare van mekaar geskei het.

● Dit was in prof Villa-Vicencio se referaat dat hy as Engelsman en lidmaat van die Metodiste-Kerk gesê het: "Die Engelse kerke het deur die jare 'n koloniale gesindheid geopenbaar. Die Engelse kerke se protes teen apartheid het neergekom op baie woorde, min dade. Hulle het die Afrikaanse kerke en by name die NG Kerk dikwels as handige sondebok gebruik terwyl hulle dieselfde sondes gedoen het. Want hoe meer die Engelse en Afrikaners van mekaar verskil, hoe meer word hulle dieselfde." Prof Villa-Vicencio se toespraak het daartoe gelei dat verskeie afgevaardigdes van Engelse kerke hulle skuld bely het aan die sondes van die verlede.

● En toe: die Deklarasie van Rustenburg. Dit het algaande vir die afvaardiging van die NG Kerk duidelik geword dat die voorgenome deklarasie, soos dit in die konferensie van konsep tot konsep en bespreking tot bespreking gevorder het, in sy uiteindelike vorm dinge gaan sê wat inderdaad vir almal aanvaarbaar is, maar óók stellings gaan maak wat buite die perke is wat *Kerk en Samelewing 1990* aan die NG afvaardiging stel. En die NG Kerk se afvaardiging het hom deurgaans aan dié beleidstuk gebonde geag. Daarom is besluit om 'n eie verklaring uit te reik en die NG Kerk se posisie duidelik te stel. (Die verklaring verskyn elders op hierdie bladsy.)

□ □ □

Van Cottesloe 1960 tot Rustenburg 1990 was vir die kerke in Suid-Afrika, ook vir die NG Kerk, 'n lang reis. 'n Volle sirkel is voltooi. Afgevaardigdes van die kerke wat destyds uitmekaar gespat het om dertig jaar lank nie amptelik met mekaar te praat nie, het nou weer byeengekom en mekaar herontdek as broers en susters in die Here. Daar is baie dinge waaroor hulle nog ernstig met mekaar verskil. Maar daar is óók sake waaroor hulle met mekaar saamstem.

Die komende maande en jare sal toon in watter opsigte die nadraai van Rustenburg anders gaan wees as dié van Cottesloe. En of die kerk van die Here en die mense van ons land gedien gaan word deur wat by Rustenburg gebeur het.

[ii] Andries Pretorius met die lot aangewys as aanvoerder van die Strafkommando- "De Zuid-Afrikaan 14 Juny 1839"

den Klerk des Volks Raads, door den Hr. J. G. BANTJES, Secretaris van den Hoofd-Kommandant, die gedurende de expeditie als heeft geageerd :—

Nademaal de Heer ANDREAS WILHS. JACS. PRETORIUS, eenige dagen geleden alhier is aangekomen, met eene party zyner manschappen, ten einde met een kommando, in den kryg tegens *Dingaan*, Opperhoofd der Zoolas op te trekken, om te trachten het, door hem, van onze dood gemartelde mede-reizigers geroofde, terug te halen; ontstond er ten gevolge van dien aankomst, groote blydschap onder het algemeen. De aanstelling van gem. Heer Pretorius, tot Hoofd-Officier of Kommandant, over de op handen zynde kommando werd toen aan den Raad des volks opgedragen, dewelke zulks blymoedig instemde. Doch er werd eerst en vooraf geloot, onder de andere Kommandanten, toen het lot juist op hem viel. Hy werd dan, met de gelukwensching van een ieder die tegenwoordig was, onder wettige instructie, door gemelde Raad geformeerd, aangesteld;—toen hy, de Heer Pretorius, nu Hoofd-Kommandant, met gepastheid, zynen dank betuigde, en sprak: dat, hoe ongaarne ook, echter daar het lot op hem gevallen was, en uit aanmerking van den staat waarin zyne mede-reizers verkeeren, in het lager als in een gevangenis opgesloten zynde, hy die gewigtige taak, gewilliglyk op hem nemen zou, en zyne vermogens zoude inspannen, om te doen, hetgeen onze wezentlyke belangens vorderen. Dit alles bewoog my, daar ik konde opmaken dat er een voorzigtig bestier zoude plaats hebben, om de kommando te vergezellen, ten einde de noodige aanmerkingen op dezelve, aan te teekenen.

Zoo was het dan, dat ik my haastte, en zond des anderen daags, zynde den 27sten Nov. 1838, mynen wagen, naar de

[iii] Eerste Voortrekker kerkraad in Natal deur die lot aangewys.
Uit die dagboek van Erasmus Smit



Zondag eerstkomende, na de predikatie, van die spreekplaats af te lezen.

*Zaterdag, 2 Dec.* Onze Goeverneur zond heden en de vorige dag 'n brief rond, om alle mensen te nodigen om op Zondag, de 3e Dec., 'n algemene dankdag in 't hoofdleger te vieren.

*Zondag, 3 Dec.* De opkomst tot de Godsdienst was aangenaam: velen kwamen van nabij en van verre aan. De léraar predikte op deze bid- en dankdag over 1 Sam. 7:12;[32] las daarna 'n herder- en vaderlike brief van de Goeverneur aan de gemeente voor; en voorts werden de namen voorgelezen van 'n Kerkeraad, 2 Ouderlingen en 2 Diakenen, door 't lot verkozen uit 'n tiental: Brs. François Retief en Carel van der Merwe tot Ouderlingen; en Brs. Christiaan Liebenberg en Roelof Dreyer tot Diakenen.

In de namiddag verhandelde de léraar Hand. 20: 26-32, bijwijze van inwijding en bevestigingsrede gepast op de Kerkeraad. De Broeders werden toen, naar 't formulier van onze Nederduitse Gereformeerde Kerk, in de Heilige Dienst bevestigd, door E. Smit, de léraar der gemeente. Voorts werden er 4 kinderen door de Heilige Doop in de Kerk ingewijd.

# VOLKSVERKLARING

Die Geloftevolk Koördineringskomitee reik hiermee die volgende verklaring uit met betrekking tot besluite wat tydens die Volksvergadering van die Geloftevolk van Suid Afrika geneem is te Vegkop Geloftefeesterrein, 25 - 27 September 2009:

**Die Volksvergadering verklaar as volg:**

**Besluite:**

1. Die Geloftevolk se vrywordingsproses moet geskoei word op die grondslag van die Volksgeloftes.
2. Dit noodsaaklik is dat alle huidige middele wat tans aangewend kan word om die Geloftevolk in stand te hou, op alle lewensterreine benut moet word.
3. Dit noodsaaklik is dat die Geloftevolk 'n soewerein-vrye volk moet word.
4. Dat die grondslag waarop die toekomstige vryheid van die Volk gebou word, regverdigbaar is.
5. Die vrywording van die Geloftevolk binne bereik is.
6. Die toekomstige staatsmodel van die vrye Geloftevolk, Skrifgefundeerd (op Bybel gegrond) moet wees.
7. Dat die oproep en ordening van die vergadering aan die byeenkoms legitimiteit verleen as 'n Volksvergadering.
8. Dat 'n volksdatabasis dringend tot stand gebring moet word, sodat die Geloftevolk doeltreffend kan kommunikeer - as 'n eerste stap op pad na vryheid.
9. Dat die nakoming van die Volksgeloftes 'n Teokratiese staatsmodel vereis. 'n Komitee is saamgestel om die funksionering van 'n Teokratiese staatsbestel te ondersoek om by 'n volgende Volksvergadering aan die Volk voor te lê vir oorweging.
10. Die vergadering besluit dat die instelling van 'n Reddingsdaadfonds deur die voortsettingskomitee ondersoek sal word.
11. Die vergadering gee opdrag dat die komitee aandag sal skenk aan volksverootmoediging.
12. Die vergadering gee opdrag dat die Volk ingelig sal word oor die besluite van die Volksvergadering.
13. Die vergadering stel 'n voortsettingskomitee saam om uitvoering te gee aan die besluite wat geneem is. Die voortsettingskomitee sal as die Geloftevolk Koördineringskomitee bekend staan, en kry opdrag om die volgende Volksvergadering byeen te roep, so gou as wat prakties moontlik is.
14. Na aanleiding van 'n uitspraak wat vanuit die gehoor gemaak is, het die vergadering hul eenparig gedistansieër van die gebruik van gewapende geweld in die vrywordingsproses.
15. Die komitees sal te alle tye 'n oop-deur-beleid handhaaf, sodat Volksgenote deurlopend insette kan lewer.
16. Die vergadering gee goedkeuring daaraan dat Geloftefees-komitees of komitees wat volksbyeenskomste reël, voortdurend inligting kan aanvra vanaf die koördineringskomitee om aan hulle vergaderings bekend te maak.
17. Die vergadering erken deurgaans die Geloftevolk se volle afhanklikheid van ons Hemelse Vader en eer Hom vir die ordelike verloop van die volksvergadering.